higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N5

(Tweede vraestel)
(4090315)

9 November 2022 (X-vraestel)
09:30–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye en ’n antwoordblad van 2 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N5
(Tweede vraestel)
TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

LET WEL: As jy meer as die vereiste aantal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste aantal vrae nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord enige DRIE vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf jou studentenommer boaan al die ANTWOORDBOEKE wat voorsien word.

5. Skryf jou EKSAMENNOMMER op die ANTWOORDBLAAIE en maak dit los van die vraestel voordat jy dit inhandig.

6. Punte word NIE toegeken indien jy direk uit die handboeke kopieer nie.

7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

Die regerende party tesame met die regering van Suid-Afrika doen daagliks ’n beroep op jongmense om te begin boer. Teba Motaung, wat landbou as vak in die hoërskool geneem het, het besluit om haar vaardighede met gemeganiseerde boerdery in te span. Sy spesialiseer nou in pluimveeboerdery. Baie mense wat haar plaas besoek, asook die Departement van Landbou, spreek die wens uit dat sy skole en jongmense kan help om hul eie plase te vestig. Teba Motaung het ’n passie vir die onderrig en opleiding van jong vroue ontwikkel. Sy wil nou boerdery in die gemeenskap onderrig. Met behulp van staatsbefondsing kan Teba ’n nuwe program aanbied. Die plaas het 20 werkers wat voltyds werk en 50 tydelike werkers, en het uitgebrei om varke en groente in te sluit. Teba Motaung sê: ‘Ek het my droom verwesenlik om ’n suksesvolle boer te word.’

2.1 Identifiseer uit die scenario enige DRIE elemente van gewoontes in die Teba Motaung-projek. Gee ’n voorbeeld. (3 × 3) (9)

2.2 Verduidelik op grond van die scenario die belangrikheid van die volgende gewoontes:

2.2.1 Sinergieë

2.2.2 Begin met ’n eindpunt in gedagte.

2.2.3 Om proaktief te wees

2.2.4 Wen-wen

(4 × 2) (8)

2.3 Wanneer ’n maatskappy begin groei en uitbrei, raak dit meer kompleks. Die bestuur of die eienaar moet dan van die verantwoordelikhede vir sekere take aan hul werknemers oordra sodat al die werk afgehandel kan word. Hierdie verantwoordelikhede gaan met bevoegdheid en verpligtinge gepaard. Die werksomgewing en organisasiestruktuur behoort enige delegering van pligte te ondersteun. Delegering van take verminder nie die bestuurder se aanspreeklikheid ten opsigte van daardie take nie. Daar is ook bepaalde persoonlike struikelblokke wat bestuurders in ag moet neem wanneer pligte aan werknemers gedelegeer word.

Dui aan hoe persoonlike en individuele eienskappe van ’n bestuurder sy of haar vermoë negatief kan beïnvloed om pligte of verantwoordelikhede aan ondergeskiktes te delegeer. (Enige 3 × 3) (9)

2.4 Spanbou behels werknemers of groepe individue wat saamwerk om ’n gemeenskaplike doel te bereik. Dit is ’n jaarlikse instelling vir die vrouestokvel van Madeni in KwaZulu-Natal om iets saam te doen. Dit is daarop gerig om spanbou te bevorder. Op die vooraand van Vrouedag vertrek 20 vroue om twee dae by Golden City deur te bring. Volgens die spanleier is hul boodskap vanjaar ‘Vroue in Aksie’.

Kopiereg voorbehou

2.4.1 Definieer *spanbou.* (2)

2.4.2 Noem enige DRIE voordele van spanbou. (3 × 2) (6)

2.4.3 Stel ’n spanbouprogram vir die Madeni-vrouestokvel op. (10)

2.5 Morele standpunt is ’n etiese besluit wat ’n mens neem wanneer jy voor ’n probleem of situasie te staan kom wat deur formele wette en reëls bestuur word. Die meeste mense beroep hulle op hul agtergrond, godsdiens, kultuur en gewete om ’n aanvaarbare besluit te neem. Ondanks die winsmaakkonsep word daar in die sakewêreld van ondernemings verwag om eties op te tree en morele bestuur toe te pas ten einde werk te skep en die ekonomie van die gemeenskap en land te laat groei. Green and Blue beplan om ’n gesamentlike onderneming in hul gemeenskap te vestig om werk te skep en te help om die ekonomie van die gemeenskap en die land oor die algemeen te ontwikkel.

In puntvorm, noem enige DRIE voordele van morele bestuur wat op gegronde etiese standaarde berus. (3× 2) (6)

[50]

VRAAG 3

3.1 Die bestuur van Baby First Enterprise moet besluit om óf bykomende produksietoerusting te koop óf ’n ekstra verkoopspersoon aan te stel. Gebruik die stappe in die besluitnemingsproses om die bestuur van Baby First Enterprise te help om ’n finansieel weldeurdagte besluit te neem. (7 × 3) (21)

3.2 Dit is die gebruik dat die Minister van Finansies in die Republiek van Suid-Afrika die begrotingsrede gee nadat die president sy jaarlikse staatsrede gelewer het. Die begroting is ’n manier om die finansiële planne van ’n land op meetbare wyse uit te druk. In ’n onderneming word ’n begroting gebruik vir, of maak dit deel uit van, finansiële bestuur omdat hulle teikens stel vir die onderneming se inkomste en uitgawes oor ’n redelike tydperk, gewoonlik een finansiële periode. As Mark Jacky Handelaars se finansiële bestuurder, ontvang jy die volgende inligting van verskillende afdelings in die onderneming.

Gebruik die onderstaande inligting om ’n geprojekteerde meesterbegroting op te stel vir Mark Jacky Handelaars vir die jaar geëindig 31 Maart 2020. **GRONDSTOWWE** het R550 000 beloop. **(Gebruik ANTWOORDBLAD A).**

Verkoopsafdeling: begroting

- Vooruitgeskatte verkope in eenhede 275
- Verkoopsprys per eenheid R3 500
- Staatsubsidie R1 500 000
- Rente op belegging R216,000
- Bydraes deur belanghebbendes R1 850 000

Verkope en administrasie: begroting

- Telefoon R12 000
- Reisonkoste R65 000
- Verversings by vergadering R35 000
- Skryfbehoeftes R4 500
- Bankkoste R15 850
- Ouditgelde R12 000
- Reklame en bemarking R20 000

Direkte arbeid: begroting

- Personeelsalaris R1 800 000
- Personeelopleiding R45 000
- Oortyd R120 000

Oorhoofse begroting

- Water en elektrisiteit R85 580
- Huurgeld R120 000
- Versekering R40 000

(17)

3.3

Goedere of dienste van goeie gehalte is dié sonder defekte. Dit voldoen aan die minimum standaarde wat die publiek verwag. Die bestuur van Mark Jacky Handelaars wil 'n program aanbied wat hul werknemers sal oplei in die waarde en belangrikheid van gehalte as noodsaaklike bestanddeel van die beheerstelsel.

Verduidelik die basiese gehaltevereistes aan Mark Jacky se bestuur. (6 × 2) (12)

[50]

VRAAG 4

4.1

Groepsdinamika handel oor die manier waarop mense in 'n groep optree en op mekaar reageer. Groepe wat saamwerk, is meer produktief en gemotiveerd. Mark Jacky Dealers het meer as 50 werknemers wat as die beste in hul onderskeie afdelings beskou word. Die onlangse korrupsieskandale in die onderneming is 'n groot kopseer vir die bestuur.

Die situasie beïnvloed geleidelik die werknemers se moraal, en produktiwiteit is laag. By hul gesamentlike vergadering met belanghebbendes besluit die bestuur om werknemers te vra om te help om 'n oplossing vir die probleem van korrupsie in die onderneming te vind. Die bestuur is vol vertroue dat werknemers aanvaarbare en winsgewende besluite sal neem, en derhalwe self oplossings sal vind.
Tot die bestuur se verbasing kan die werknemers nie met 'n oplossing of besluit vorendag kom nie. Lede kan oor niks saamstem nie. Twee lede lewer bykans geen bydrae tot die bespreking nie, en stem bloot saam met die meerderheid van die groep se idees. Mojalefa is baie krities jeens ander werknemers se idees. Haar gesindheid ontmoedig andere om aktief aan die bespreking deel te neem. Malefu maak lukraak humoristiese opmerkings op onvanpaste tye, wat die hele atmosfeer ontwrig.

Algemene groepsrolle: Inligtingsverskaffer, hekwagter, vermy konfrontasies, positiewe terugvoering, verskaf feitelike inligting, teken idees aan, vind oplossings vir probleme, blokkeerder, moedig almal aan om deel te neem, probeer spanning verlig, domineerder, aktiveerder ('energiser'), aggressor en inisieerder

Tabelleer die algemene rolle wat in die bostaande scenario aangetref word.
Voorbeeld (Gebruik ANTWOORDBLAD B.)

Konstruktiewe rolle		Destruktiewe rolle
Taakrolle (5)	**Handhawingsrolle (5)**	**Selfgesentreerde rolle (5)**
Inligtingsverskaffer	**Hekwagter**	**Vermyder**

(5 × 3) (15)

4.2

Sosiale verantwoordelikheid is die verpligting wat ondernemings of individue jeens gemeenskappe of ander individue het. Hierdie verantwoordelikhede kan op drie verskillende maniere beskou word, naamlik winsgesentreerd, investering verdien en regulasies opgelê. Swart ekonomiese bemagtiging-voldoeningsertifikate word uitgereik aan ondernemings met goeie praktyk en wat aan die Maatskappywet voldoen. Mark Jacky Handelaars is 'n gesertifiseerde swart ekonomiese bemagtiging-maatskappy wat respek in die gemeenskap afdwing.

Oor die afgelope twee jaar het Mark Jacky Handelaars R500 000 in 'n vroeë kinderontwikkelingsprojek in die gemeenskap van Sheki in QwaQwa in die Vrystaat belê, en R400 000 in 'n water- en sanitasieprojek in die Noord-Kaap belê.

Kopiereg voorbehou

Noem enkele voordele aan die gemeenskap wat uit hul belegging in sosiale verantwoordelikheid voortspruit. (5 × 2) (10)

4.3 In jou N4 Entrepreneurskap en Ondernemingsbestuur-program het jy oor verskillende komponente van 'n sakeplan geleer, onder meer produksie, mensehulpbronne, administrasie, bemarking en bevordering. Die onlangse ontwikkeling en verbetering in tegnologie het die bestuur van Mark Jacky Handelaars aangespoor om verskeie departementele funksies in ooreenstemming met globale veranderinge en innovasie te herskik en by te werk. Bemarkingsfunksies speel 'n belangrike rol in enige onderneming.

As 'n geleentheidsbeplanner van Mark Jacky Handelaars, verduidelik in puntvorm enige VYF funksies van bemarking. (5 × 2) (10)

4.4 Stel 'n curriculum vitae van 'n fiktiewe persoon op wat reeds enkele jare werkservaring het.
Sluit SLEGS die volgende afdelings in:

- Kwalifikasies
- Prestasies
- Belangstellings
- Werkservaring
- Verwysing (15)

[50]

VRAAG 5

5.1 As deel van hul beplanning vir effektiewe dienslewering aan die gemeenskap, wil die Departement van Gesondheid 'n nuwe eenheid oprig wat beter en doeltreffende diens aan mense op voetsoolvlak sal lewer. Die nuwe eenheid sal 'n bestuurder hê wie se belangrikste plig die koördinering van alle aktiwiteite in die sentrum sal wees en wat maandeliks regstreeks aan die minister verslag sal doen. Aanbevelings vir geskikte kandidate moet aan die Minister van Gesondheid gerig word vir oorweging en aanstelling. Dit is 'n feit dat nie almal oor die natuurlike eienskappe beskik wat hulle toerus om 'n goeie bestuurder te wees nie; sommige moet hard werk om bepaalde eienskappe te verbeter. (LET WEL. Moenie in die aanbeveling kwalifikasies, geslag, ouderdom en werkservaring insluit nie.)

Verduidelik aan die Minister van Gesondheid enige SEWE eienskappe wat 'n goeie bestuurder moet besit. (7 × 2) (14)

5.2 Siyabonga Dube het ná die dood van sy vader in 2010 besluit om 'n prokureur te word, met die doel om 'n firma te vestig wat in familiereg spesialiseer. Aangesien hy gewerk het en na sy broers en susters moes omsien, moes hy leer hoe om sy tyd te bestuur ten einde sy studies betyds te voltooi, sy NSB vlak 4-kwalifikasie asook sy graad te behaal, vir regstudies te registreer en werkservaring op te doen. Sy tydsbestuursvaardighede het hom gehelp om NSB vlak 4 met uitstekende resultate te behaal en toelating tot die Universiteit van die Noorde te verkry.

Hy het sowel sy BA- as nagraadse kwalifikasie in 'n rekordtyd verwerf. Hy het ook finansiële doelwitte ontwikkel om hom in staat te stel om goed te leef, terwyl hy daaraan werk om sy einddoel te bereik, naamlik om 'n bekende prokureur by 'n regsfirma te word. Hy is ook passievol wat sy sosiale en romantiese lewe asook sy geestelike en emosionele verhouding met sy skepper betref.

Help Siyabonga om 'n SWOT-ontleding op te stel om sy sakeplan aan te pas en te evalueer. (4 × 4) (16)

5.3 Die Vroue in Aksie-sopkombuis bied 'n verskeidenheid produkte aan hul kliënte. Die sopkombuis verkoop pap en rys by die plaaslike skool in Polokwane. Die onderneming se bruto winspersentasie ten opsigte van pap is 45% en 48% op rys. Die onderneming se eienaars beraam dat pap 80% en rys 20% van hul totale verkope sal uitmaak. Vaste koste is R15 000. **(Gebruik ANTWOORDBLAD C.)**

Bereken die volgende:

5.3.1 Gemiddelde geweegde bruto winspersentasie (8)

5.3.2 Gelykbreekpunt in rand (5)

5.3.3 Gelykbreekpunt in rand as die onderneming 'n wins van R12 000 wil maak (7)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD A

3.2 **GEPROJEKTEERDE BEGROTING VIR MARK JACKY HANDELAARS**

ANTWOORDBLAD B

4.1

KONSTUKTIEWE ROLLE		DESTRUKTIEWE ROLLE
TAAKROLLE	**HANDHAWINGSROLLE**	**SELFGESENTREERDE ROLLE**
Bv. Inisieerder	Hekwagter	Vermyder

ANSWER SHEET C

5.3.1 **GEMIDDELDE GEWEGDE BRUTO WINSPERSENTASIE**

Produk	Persentasie van verkope	Bruto wins %	Gemiddelde geweegde bruto winspersentasie

Copyright reserved